SUR 3/1/2

GEHEIM

Notule van SUR 6/79

STAATSVEILIGHEIDSRAAD : 26 MAART 1979

6

BESLUITE

1. Riglyne vir Strategieë vir Buurstate

(a) Die voorstelle ten opsigte van Zambië en die BSL-lande sal later oorweeg word ten einde verdere ondersoeke moontlik te maak.

(b) Mosambiek

Goedgekeur soos voorgestel. (Bylae A)

(c) Angola

Goedgekeur soos voorgestel. (Bylae B)

(d) Rhodesië

Goedgekeur soos voorgestel. (Bylae C)

Die stigting van 'n RGBS goedgekeur om by die missie in Rhodesië gesetel te wees. Die ondergenoemde Departemente moet binne sewe dae verteenwoordigers benoem. Die betrokkenes wat almal teenwoordig is, sal intussen voortgaan met die benoeming van die verteenwoordigers in afwagting van skriftelike bekragtiging deur die Sekretaris van die Staatsveiligheidsraad

2 / ...

30.8.79

GEHEIM

Buitelandse Sake/Inligtingsdiens van Suid-Afrika
Nasionale Veiligheid
Suid-Afrikaanse Polisie
Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens
Handel en Verbruikersake ) Ekonomiese Sake
Nywerheidswese )
Suid-Afrikaanse Weermag.
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie

Die Eerste Minister wys daarop dat besluite ten opsigte van riglyne slegs riglyne behels en dat by die opstel van 'n strategie op grond van goedgekeurde riglyne praktiese probleme mag opduik wat opgelos sal moet word soos en wanneer dit na vore kom. Daar kan selfs gevalle wees waar die praktiese inwerkingstelling van goedgekeurde riglyne daardie riglyne vir heroorweging deur die Staatsveiligheidsraad noodsaaklik maak.

Indien Ministers probleme met die toepassing (application) van riglyne ondervind, moet dit in die eerste plek by die Werkkomitee en daarna by die Staatsveiligheidsraad geopper word. 'n Nasionale strategie is 'n "lewende ding" wat voortdurend aangepas moet word soos wat die omstandighede verander.

Dit is egter noodsaaklik dat in al hierdie aangeleenthede "ons moet weet van mekaar".

GEHEIM

2. Swaziland

Ministers Koornhof en Pik Botha sal op huidige basis voortgaan ten opsigte van konsolidasie van Swazituisland en aanverwante aangeleenthede en sal toesien dat die Werkkomitee op die hoogte gehou word. Kardinale besluite sal vir oorweging aan die Staatsveiligheidsraad voorgelê word.

3. Buurstate: Inligting

Besonderhede met syfers in detail moet opgestel word ten opsigte van al die buurlande vir sover dit handel, kommunikasie, en alle ander onderhandelinge en verhoudinge betref sodat die stuk aan buitelandse missies beskikbaar gestel kan word.

4. Daarstelling van Nasionale Radiopropaganda- en Belemmeringsvermoë

Goedgekeur soos in bylae hierby.

Buitelandse Sake sal ook op die komitee van prof Mouton gekoöpteer word, asook die Suid-Afrikaanse Polisiemag.

Die korttermyn handelwyse is met die Voorsitter van die SAUK bespreek en hulle gaan voort daarmee.

Brief sal van die Sekretaris van die Staatsveiligheidsraad uitgaan oor die aanstelling van die Komitee vir mediumtermyn ondersoek.

4 / ...

EHEIM

5. Amerikaanse bedrywighede in Swart woongebiede

Die Departement van Nasionale Veiligheid moet verslag voorlê aan lede van die Staatsveiligheidsraad oor Amerikaners se bedrywighede in Swart woongebiede.

6. Minister van Buitelandse Sake

Die Minister van Buitelandse Sake lig die Staatsveiligheidsraad in oor sy besoek aan die buiteland en samesprekings wat daar gehou is.

Daar word besluit dat met die gedagte van 'n tweede verkiesing met deelname deur al agt demokratiese partye in Suidwes-Afrika voortgegaan sal word.

Onafhanklikheid moet nie as 'n eerste doelwit gesien word nie, maar wel 'n behoorlike vaste regering, hoewel onafhanklikheid nie onbepaald uitgestel moet word nie.

Die bovermelde moet as leiding aan die DTA aangebied word. Die DTA se samewerking moet nie verbeur word nie.

Die verkiesingsprys moet wees dat 'n vaste regering daargestel moet word waarmee onder andere die vyf Wesmagte uiteindelik direk kan onderhandel.

Onderhandelinge moet met die partye gevoer word.

Die besluit van die Regering oor die aangeleentheid sal op 3 April 1979 vir oorweging aan die Kabinet voorgelê word.

...oooOooo...

7. Die volgende vergadering van die Staatsveiligheidsraad sal op 6 April 1979 om 09h00 gehou word.